

20 September

Skrifgedeelte: Openbaring 1:9-20

FOKUSGEDEELTE: NGB, ART 19

### Jesus se Goddelike natuur

Dis of die Goddelike natuur van Jesus ná sy opstanding uit die dood in toenemende heerlijkheid sigbaar word. Maria verwar Hom aanvanklik met die tuinopsigter, maar herken Hom in Johannes 19:15-16 uiteindelik as: "Rabboeni!" Thomas erken Hom in Johannes 20:28 as: "My Here en my God!" Stefanus het die eerste uitsig op Jesus se hemelse heerlijkheid en sien "die Seun van die mens wat aan die regterhand van God staan" (Hand 7:56). Paulus beleef die heerlijkheid van Jesus as 'n verblindende lig wat hom magteloos op die grond laat val (Hand 22:6-7) en in ons Skrifgedeelte laat die oorweldigende verskyning van die Here Jesus Johannes soos 'n dooie bly lê (Open 1:1).

Dit is dus belangrik dat gelowiges vandag in hulle uitsig op Jesus Christus glad nie vassteek by 'n "liewe-Jesus-portret" of 'n magtelose kruisfiguur nie. Dit is met die heerlike magsfiguur van Openbaring 1 wat jy 'n verhouding het. Met Hóm is jy één, Hý leef in jou (Gal 2:20)! Dit is hierdie Jesus, met 'n voorkoms soos die son wat op sy helderste skyn, wat jou in die hemel verteenwoordig, wat by die Vader vir jou intree en oor jou waak. Met sulke heerlijkheid sal Hy op die wolke weer kom om Satan met die asem van sy mond te verdelg (2 Tess 2:8) en jou na Hom toe te neem.

Hoe wonderlik om te weet, hoe heerlijk ook al, Hy bly dieselfde "Seun van die mens" (vers 13) wat sy kerk tot die dood toe liefhet en versorg. Ook in hierdie oomblik raak Hy jou in ons Skrifgedeelte aan en sê (vers 1): "Moenie bang wees nie, DIT IS EK!"

*DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)*

~~~~~